

PRIMÊRE SKOOL SENEKAL



Toeligting

PRIMÊRE SKOOL SENEKAL

1. WELKOMSWOORD

'n Hartlike woord van welkom aan elke leerder en ouer.

Primêre Skool Senekal bied aan elke leerder die geleentheid om op akademiese, fisiese en kulturele gebied tot volle potensiaal te ontwikkel indien elke geleentheid aangegryp en elke oomblik benut word.

In vandag se veranderende wêreld speel ouerbetrokkenheid 'n essensiële rol in die totale opvoeding van 'n kind. U is by die regte adres vir die skool waarop ons almal trots kan wees.

My opregte wens is dat u baie gelukkig sal wees by ons pragtige skool en maklik sal inskakel, want – DIE JEUG VAN VANDAG, IS DIE VOLK VAN MÔRE – dus streef ons om **standvastig** en **diensvaardig** te wees.

H.E. BREDENKAMP
Skoolhoof

***SKOOLNUUSBRIEF:** Daar word weekliks 'n "Nuusbrief" per hand of internet deur die leerders aan die ouers gestuur. Ouers wat hierdie nuusbriewe lees, het goeie kontak met die skool.

2. ADRESSE:

- | | | |
|-----|--|--|
| 2.1 | Primêre Skool Senekal Telefoon: 058 4812199 Faks: 058 4813494 E-Pos: pssenekal@telkomsa.net | Adres: Posbus 32 Senekal 9600 Fisies: Besterstraat |
| 2.2 | SKOOLHOOF: Mnr. H.E. Bredenkamp | Adres: Van Collierstraat Telefoon: 082 899 5883 Senekal 9600 |
| 2.3 | Harmonie Koshuis: Koshuisvader | Adres: Harmonie Koshuis Telefoon: 058 4812333 Posbus 283 Senekal 9600 |
| 2.4 | KLASONDERWYSER: | |

Mnr./Mev.:

Adres:

Tel. nr.

SKOOLREËLS

A. IN DIE KLASKAMER

1. Geen leerder se gedrag mag inmeng met ander leerders se onderriggeleenthede nie, hetsy deur lawaaimakery, ongedissiplineerde gedrag of oneerlikheid.
2. Boeke moet te alle tye netjies oorgetrek word en netjies gehou word.
3. Werk moet altyd netjies gedoen word.
4. Leenboeke moet by vertrek of aan die einde van die jaar teruggegee word in dieselfde toestand as wat hulle ontvang is.
5. Oneerlikheid tydens toetse en eksamen sal nie geduld word nie.
6. Geen spelery sal in klaskamers geduld word nie. Leerders gaan na voogde indien 'n onderwyser nie vir 'n klas opdaag nie.
7. Leerders mag onder geen omstandighede in die klaskamer eet nie.
8. Klaskamers word altyd netjies gelaat.

B. ALGEMENE DISSIPLINE

1. Geen leerders word in klaskamers of in die saal toegelaat sonder dat die onderwyser daartoe opdrag gegee het nie.
2. Geen leerders word in die personeelkamer toegelaat nie.
3. Klaswisseling moet ordelik geskied. Leerders beweeg te alle tye in netjiese rye aan die linkerkant van die stoep.
4. Geen troeteldiere word op skoolterrein toegelaat nie.
5. Leerders is self verantwoordelik en aanspreeklik vir kleredrag wat op die terrein verlê word. Alle kledingstukke moet duidelik gemerk word.
6. Bakleiery en uittarting word nie toegelaat nie.
7. Die gebruik van vuil taal en pornografie sal swaar gestraf word. Leerders wat hulle aan hierdie oortreding skuldig maak, is nie verkiesbaar tot enige gesagsposisie nie.
8. Enige Buitemuurse aktiwiteite is onderworpe aan dieselfde reëls en buite-afrigters moet reëls ook te alle tye toepas. Buite-afrigters moet ook met respek behandel word en nougeset gehoorsaam word.
9. Die terrein en geboue moet skoon en netjies gehou word. Geen leerder mag op die skoolterrein wees indien hy nie 'n verpligting het nie en naweke is die terrein en geboue buite perke vir alle leerders.
10. Die voertuie van die skool moet te alle tye netjies gehou word. Vernielsugtigheid sal swaar gestraf word.
11. Geen kougom mag deur leerders gekou word nie. Dit geld ook tydens buitemuurse aktiwiteite.
12. Geen spelery in kleedkamers nie. Dit moet te alle tye netjies gelaat word.
13. Geen spelery word in tuinbeddings toegelaat nie. Pluk van blomme is verbode tensy toestemming in die kantoor verkry is, aangesien struik en bome verniel word.

C. VEILIGHEID

1. Geen fietse, rolskaatse of skaatsplanke word op die stoepe of terrein toegelaat nie.
2. Geen leerder mag gedurende skooltyd die skoolterrein verlaat nie.
3. Geen ouer of besoeker mag leerders of leerkrigte in die klasse of op die terrein nader sonder om eers by die kantoor aan te meld nie.
4. Geen voorwerpe mag by die vensters van 'n bewegende voertuig uitgegooi word nie en geen deel van 'n persoon mag by die venster uitsteek nie.
5. Hekke word gesluit – direk na aanvang van skooldag.

MISSIE

Die doel van ons Skool is om ...

1. 'n Begeerte onder ons leerders te kweek om 'n Christelike lewe te lei.
2. Die karakter van ons leerders te vorm en te sterk.
3. Die verstandelike vermoë van ons leerders maksimaal te ontwikkel.
4. Die skool se fasiliteite na die beste van ons vermoë te gebruik in ons bystand om die leerders fisies en intellektueel voor te berei vir hul lewenstaak.

In die uitvoering van bogenoemde doelwitte word die leerders steeds aangemoedig tot ..

- * Diensbaarheid aan God en die gemeenskap
- * Regverdigheid, billikheid, eerlikheid, vriendelikheid, onselfsugtigheid, hoflikheid, waardering, humor, spel, sportmanskap en trots.

Ons opdrag en doelwit vir die leerder is dat hy/sy ...

1. die Christelike waardes en norme, soos vervat in die Bybel, sal erken
2. trots sal wees op die Afrikaanse Taal en kultuur-erfenis en sal strewen na die handhawing en uitbouing daarvan.
3. talente op akademiese gebied, kultuurakker en sportveld sal gebruik.
4. lojaal en trots sal wees op sy/haar skool.
5. die karakter, reëls, tradisies en etos van die skool sal uitleef en uitdra.

Ons verlang dat die personeel ...

1. die Christelike waardes en norme soos vervat in die Bybel, sal erken en uitleef.
2. te alle tye hul Godgegewe talente sal aanwend om die doelwitte, etos en tradisies van die Skool te verwesenlik, uit te dra en te bewaar.
3. lojaliteit, aan die onderwys, kollegas en die gemeenskap met woord en daad sal uitdra.
4. die belange van die leerders voorop sal stel.

Ons verwag dat ons ouers ...

1. die Christelike waardes, norme en opvoedingstaak hoog sal ag en dit met woord en daad aan hulle kind(ers) sal oordra.
2. positiewe belangstelling. gebalanseerde betrokkenheid by hulle kind(ers) se akademiese sowel as buitemuurse aktiwiteite sal openbaar en hul ondersteuning aan die Beheerliggaam, Ouervereniging en die skool sal gee.

Leerders aan die Primêre Skool Senekal onderwerp hulle aan die volgende:

1. Christelike karakter, waardes, gebruike en norme moet gehandhaaf en eerbiedig word.
2. Moedertaal onderrig, in ons geval Afrikaans. 'n Sekere mate van vaardigheid in Afrikaans word verlang.
3. Leerders moet die kulturele waardes en etos van die skool en gemeenskap aanvaar.
4. Die grade is homogeen t.o.v. ouderdomme van leerders.
5. Kinders van die skool se broers en susters en kinders van oud-leerders sowel as kinders van binne die natuurlike voedingsarea geniet voorkeur by toelating.
6. Leerders sal toegelaat word indien daar beskikbare akkommodasie is.
7. Ouers en leerders moet die goedgekeurde reëls en die Missie van die Skool aanvaar.
8. Die vermoë, asook bereidwilligheid van leerders om aan die Skool se buitemuurse aktiwiteite deel te neem, sal in ag geneem word.
9. 'n Mondelinge onderhoud word met die voornemende leerders en ouers gevoer.
10. Voornemende ouers moet onderneem om die skoolgelde vooruit te betaal, hetsy maandeliks of jaarliks.
11. Graad 1: Leerders is in die jaar waarin hulle sewe word skoolpligtig.

3. **AKADEMIES:**

3.1 **GRONDSLAG SKOOLFASE:** **GRAAD 1 TOT GRAAD 3**
INTERMEDIÊRE SKOOLFASE: **GRAAD 4 TOT GRAAD 6**
SENIOR SKOOLFASE: **GRAAD 7**

3.2 **ANDER AKADEMIËSE AKTIWITEITE:** Ons beskik oor:
Een Remediërende pos vir remediërende onderrig.
Rekenaar-gerugsteunde Onderwys Sentrum

4. **KULTUUR:**

4.1 **VOORTREKKERS:** Die Offisiere hou weekliks byeenkomste.
'n Baie aktiewe kommando toon baie lewe en hou beslis die regte koers.
Gereelde Voortrekkerkampe en -funksies word gehou.

4.2 **REDENAARS:** Goeie geleentheid vir redenaars word hier geskep. Daar word aan verskeie kompetisies deur die jaar deelgeneem.

4.3 **REVUE-GROEPE:** Daar word deurlopend deur die jaar deelgeneem aan 'n georganiseerde revuegroep vir die Junior Primêre Afdeling sowel as die Senior Primêre Afdeling.

4.4 **KONSERT:** Elke tweede jaar word konsert aangebied.

4.5 **MODERNE- EN TAP DANSE:** Privaatklasse word aangebied.

4.6 **MUSIEK:** Leerders het geleentheid om onderrig te ontvang in verskeie instrumente en eksamens kan ook afgelê word.

5. **SPORT**

5.1 **ATLETIEK:** Atletiek geniet hoë prioriteit wat reeds in die vierde kwartaal 'n aanvang neem.

Kleurebyeenkoms (Kleure-Atletiek)
Dorpsuitdunne (Senekal Primêre Skole atletiekbyeenkoms)
Primêre Skole Streekuitdunne
Oos-Vrystaat Kampioenskappe
Inter-Provinsiale byeenkoms

5.2 **RUGBY:** Daar word voorsiening gemaak vir Gr.1, 0/8, 0/9, 0/11 en 0/13 spanne. Die A en B spanne neem op 'n georganiseerde wyse aan wedstryde deel.

5.3 **NETBAL:** Netbal vind gedurende die tweede kwartaal plaas. Die speelsters neem deel in die volgende ouderdomsgroepe: 0/7, 0/8, 0/9 (Mini-Netbal) 0/10, 0/11, 0/12 en 0/14 (Senior Netbal).

5.4 **KRIEKET:** Krieket geniet prioriteit in die vierde kwartaal in die volgende ouderdomsgroepe: 0/9, 0/11 en 0/13, asook Mini-Krieket.

5.5 **TENNIS:** Ons is trots om ook vir elke leerder geleentheid te bied om hom- of haarself ook in hierdie mooi sportsoort uit te leef. Tydens die 3de kwartaal word op gereelde

basis aan ligas deelgeneem onder die volgende afdelings: 0/10, 0/12 en Ope Afdeling. Privaat afrigting word ook aangebied.

- 5.6 **LANDLOOP:** Hierdie byeenkomste geskied op 'n baie ontspanne wyse en die atlete geniet dit gewoonlik baie. Daar word vanaf 0/8 tot 0/13 aan hierdie sportsoort deelgeneem.
- 5.7 **HOKKIE:** Hokkie vind gedurende die derde kwartaal plaas en dit stel die dogters in staat om netbal en hokkie te speel. Mini-Hokkie en Senior-Hokkie speel slegs vriendskaplike wedstryde.
- 5.8 **GIMNASTIEK:** Gimnastiek word privaat aangebied.
- 5.9 **KARATE:** Privaatklasse word aangebied.
- 5.10 **SKAAK:** Skaak word as aktiwiteit by die skool aangebied.
- 5.11 **OEFENROOSTER:** Die buitemuurse oefenrooster word so uitgewerk dat ons daarin poog om oorfleueling te voorkom sodat elke leerder sover moontlik aan elke sportsoort kan deelneem.

6. **KLEREDRAG:**

6.1 **VERSKAFFERS:**

INTRO: Skoolklere, Skoolbaadjies, Windjakkie van die skool, Sweetsakke
Netsport: Sportdrag – Klere word op bestelling gemaak en ouers moet vroegtydig bestel.

Skool: Tweedehandse Klere

6.2 **SEUNS:**

Somer: Kort grys broek; kortmou grys hemp (Wit Gr. 7); skoolkouse; swart skoolskoene. Geen tekkies en stewels word toegelaat nie.

'n Skooldas is verpligtend wanneer 'n skoolbaadjie gedra word.

Winter: Grys langmou hemp (Wit Gr. 7); skooldas, grys skooltrui (Gr.7 swart); grys langbroek; skoolkouse en swart skoolskoene; skoolbaadjie; skoolwindjakkie (slegs dié wat by die skool verkoop word).

6.3 **DOGTERS:**

Somer: Blou skoolrok; wit kouse en swart skoolskoene. Geen tekkies en stewels word toegelaat nie.

Winter: Swart romp/langbroek; wit langmou hemp; skooldas; swart skooltrui; swart kouse/swart "tights"; skoolbaadjie; skoolwindjakkie (slegs dié wat by die skool verkoop word).

*Ere-kleure balkies word **net** op skoolbaadjies gedra.

*Die dra van 'n das is 'n **moet** saam met wintersdrag.

*Erekleure dasse slegs as leerder erekleure gekry het.

6.4 **SPORTDRAG:**

Skoolsweetsak – dieselfde vir seuns en dogters.

Rugby – Rugbytrui en swart rugbybroek

Netbal – Sportromp en sportrompie met kouse en tekkies

Krieket – Sporthemp en wit broek, krieketkouse en tekkies
Tennis – Sporthemp en sportrompie (seuns – wit broek), wit kouse en tekkies
Hokkie – Sporthemp, sportrompie, hokkiekouse en tekkies.
Atletiek – Atletiekfrokke en atletiekbroeke

*Wanneer enige span uitbeweeg, dra alle deelnemers hul Skoolsweetpakke of Provinsiale Sweetpakke.

7. ALGEMEEN:

- 7.1 **Skooldag:** Die skool begin soggens om **07.20** en sluit die middag om **13:20**
Daar is twee pouses, wat begin om **09:30 en 11.50**
- 7.2 **Tye t.o.v. skoolfunksies:** Skoolfunksies begin gewoonlik om 18.30 en deelnemers moet 'n **halfuur** voor die tyd reeds aanmeld.
- 7.3 **Vervoer:** Ten opsigte van sport en kultuur sal die vervoer gratis verskaf word. Die reiskoste vir toere sal geheel of gedeeltelik deur leerders gedra word. Indien 'n leerder nie van skoolvervoer gebruik maak nie, moet die afrigter daarvan in kennis gestel word. 'n Standaardvorm is beskikbaar by afrigters wat vroegtydig voltooi moet word en aan die betrokke afrigter teruggegee moet word.
- 7.4 **Ouerverenigings:** Ons beskik oor 'n projektekomitee. Elke ouer kan vrywillig in hierdie komitee deel en lid wees.
- 7.5 **Skoolfonds:** Die bedrag betaalbaar word bepaal na 'n behoorlike begroting opgestel is en deur die ouers goedgekeur is. Skoolfoeie is maandeliks, kwartaalliks of jaarliks vooruit betaalbaar en is afdwingbaar volgens die skoolwet van 1997.
- 7.6 **Werkboeke:** Werkboeke word jaarliks aan leerders verskaf teen 'n bedrag soos deur die Beheerliggaam bepaal. Hierdie bedrag is betaalbaar aan die begin van elke jaar en geen leerder sal 'n stel boeke ontvang voordat dit nie betaal is nie.
Handboeke word aan leerders geleen en moet vervang word indien dit beskadig word of verlore raak.
- 7.7 **Afsprake met die Skoolhoof:** Die skoolhoof kan slegs gesprek word as daar 'n afspraak gemaak word aangesien hy ook verpligting het in die klas.
- 7.8 **Besoeke aan personeel tydens periodes:** **GEEN** ouer mag 'n personeellid in die klas besoek as daar nie deur die kantoor gewerk is nie. Dit moet met 'n afspraak geskied.

8. HUISVESTING:

Harmonie Koshuis is geleë binne die skoolterrein, wat beskik oor sy eie veilige speelplek. Losies word aangebied aan laerskoolleerders vanaf Graad 1 tot Graad 7. Alle inligting kan by die koshuisouers verkry word.

D. VOORKOMS, SKOOLDRAG EN NETHEID

Leerders moet te alle tye netjies vertoon. Slegs voorgeskrewe kleredrag mag gedra word. (Sien punt 6.2 en 6.3).

1. HARE

SEUNS

Hare word in 'n kort, netjiese styl gedra. Geen "steps" word toegelaat nie. Die kleur van hare is ook ontoelaatbaar. Geen haarfikseerder (jel) mag aangesit word nie.

DOGTERS

Dogters se hare wat op skouers raak, moet vasgemaak word. Kuiwe moet vasgesteek word sodat hare nie in die gesig hang nie. Veelkeurige haarlinte, bolletjies en knippies word nie toegelaat nie. Die kleur van hare word nie toegelaat nie. Geen haarfikseerder (jel) mag aangesit word nie.

2. JUWELE

Die dra van enige ringe; hangertjies of armande is verbode. Ooringetjies word beperk tot ringetjies en knoppies (goue of silwer "studs").

3. GRIMERING

Geen grimering mag skool toe gedra word nie. Dit sluit naelpolitoer in. Naels mag ook nie lank gedra word nie.

4. DRAG TYDENS SPORTBYEENKOMSTE EN SPORT BEOEFENING

SEUNS

Swart broekie; sporthemp; tekkies; skool- of provinsiale sweetpak.

DOGTERS

Sportrompie; sporthemp; tekkies; skool- of provinsiale sweetpak.

Indien dit baie koud is, **mag** leerders wel die skool se windjakkie ook aantrek.

Die dra van kleefboeke (ski-pants) is **verbode**.

Alle skoolbyeenkomste word in **skooldrag bygewoon** tensy daar anders gereël word.